GRAAN SA/GRAIN SA
Perspektief
PERSPECTIVE
NUUSBRIEF
NEWSLETTER

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

**19/10/2012**
**WEEK 42 - 2012**

**In hierdie uitgawe...**


- Brandstofpryse vir November 2012
- Kunsmisprysverwagtinge vir November 2012
- Landboutoestande vir wintergewasse soos op 17 Oktober 2012
- Basisverhandeling van silosertifikate binnekort 'n werklikheid
- Wenke vir die aankoop en gebruik van insette


## Brandstofpryse vir November 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds kan die petrolprys op 7 November met 14 sent per liter en die dieselprys met 17 sent per liter **STYG**. Die verswakking van die rand/dollar-wisselkoers het die grootste aandeel in dié moontlike styging. Die rand het tot dusver op 'n maand-tot-maand-basis met 4,8% verswak en het dus 'n direkte impak wat lei tot duurder brandstofpryse.

Die groothandelprys van diesel het op 'n jaar-tot-jaar-basis (Oktober 2011 - Oktober 2012) met 17,4% vanaf R8,49 tot R10,04 gestyg, wat R1,55 per liter meer is. Dié styging het 'n impak op produsente se brandstof- en produksiekoste as geheel en hou ook nadelige gevolge vir die vervoer van produkte in en nie net vir die plant of die oes daarvan nie.

Terug na bo

## Kunsmisprysverwagtinge vir November 2012

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Leon Groenewald het op Woensdag, 26 September 2012, die tuig as voorsitter van die Garsbedryfskomitee in die Wes-Kaap neergelê. RD Erasmus is in Groenewald se plek as voorsitter verkies. Groenewald wens die nuwe voorsitter voorspoed toe en doen 'n beroep op garsprodusente om Erasmus met dieselfde lojaliteit te ondersteun as wat hyself geniet het. Die uittredende voorsitter bedank elke garsprodusent en wens hul 'n voorspoedige oestyd en geseënde toekoms toe. Graan SA bedank Groenewald en sy gade vir sy leierskap en persoonlike tyd wat hy oor jare heen as voorsitter in die moutgarsbedryf van die Wes-Kaap belê het.

- Internasionale kunsmispryse beweeg relatief sywaarts
- Die verswakking van die Rand kan egter plaaslike pryse opdruk

Internasionale kunsmisprystendense kan met 'n redelike akkuraatheid gebruik word om veranderings in plaaslike kunsmispryse te voorspel. Vanaf September 2012 tot 11 Oktober 2012 is gesien dat internasionale kunsmispryse soos volg verander het **(Tabel 1):**

**Tabel 1: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (dollarwaarde).**

| **Kunsmis** | **September 2012** | **11 Oktober 2012** | **% verandering** |
|---|---|---|---|
| | dollar/ton | dollar/ton | % |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ammoniak (Midde-Ooste) | 676 | 685 | +1,3% |
| Ureum (46) (Oos-Europa) | 410 | 425 | +3,7% |
| DAP (VSA Golf) | 537 | 541 | +0,7% |
| Kaliumchloried (CIS) | 470 | 467 | -0,6% |
| R/$-wisselkoers | 8,271 | 8,664 | +4,8% |

**Tabel 2** toon die internasionale kunsmisprysbewegings in Rand-terme aan. Uit die tabel kan gesien word dat die internasionale pryse van ammoniak, ureum, DAP en kaliumchloried met 6,1%, 8,5%, 5,6% en 4,0% onderskeidelik gestyg het. Sou hierdie tendens vir die res van Oktobermaand aanhou, kan verwag word dat plaaslike kunsmispryse in November kan styg.

**Tabel 2: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (randwaarde)**

| Kunsmis | September 2012 | 11 Oktober 2012 | % verandering |
|---|---|---|---|
| | rand/ton | rand/ton | % |
| Ammoniak (Midde-Ooste) | 5 594 | 5 935 | +6,1% |
| Ureum (46) (Oos-Europa) | 3 390 | 3 678 | +8,5% |
| DAP (VSA Golf) | 4 440 | 4 689 | +5,6% |
| Kaliumchloried (CIS) | 3 887 | 4 043 | +4,0% |

**Historiese kunsmisprysstatistiek**

**Tabel 3 en 4** dui aan wat met internasionale kunsmispryse in dollar- en in randterme oor 'n jaartydperk gebeur het.

**Tabel 3: Gemiddelde internasionale kunsmispryse oor 'n jaartydperk(dollarwaarde).**

| Kunsmis | September 2011 | September 2012 | % verandering |
|---|---|---|---|
| | dollar/ton | dollar/ton | % |
| Ammoniak (Midde-Ooste) | 540 | 676 | +25,3% |
| Ureum (46) (Oos-Europa) | 529 | 410 | -22,5% |
| DAP (VSA Golf) | 618 | 537 | -13,1% |
| Kaliumchloried (CIS) | 476 | 470 | -1,3% |
| R/$-wisselkoers | 7,552 | 8,271 | +9,5% |

**Tabel 4: Gemiddelde internasionale kunsmispryse oor 'n jaartydperk (randwaarde).**

| Kunsmis | September 2011 | September 2012 | % verandering |
|---|---|---|---|
| | rand/ton | rand/ton | % |
| Ammoniak (Midde-Ooste) | 4 077 | 5 595 | +37,2% |
| Ureum (46) (Oos-Europa) | 3 995 | 3 390 | -15,1% |
| DAP (VSA Golf) | 4 663 | 4 441 | -4,8% |
| Kaliumchloried (CIS) | 3 596 | 3 887 | +8,1% |

**Tabel 5** toon aan wat oor 'n jaartydperk met plaaslike kunsmispryse gebeur het.

**Tabel 5: Gemiddelde plaaslike kunsmispryse.**

| Kunsmis | Oktober 2011 | Oktober 2012 | % verandering |
|---|---|---|---|
| | rand/ton | rand/ton | % |
| KAN (28) | 4 992 | 4 774 | -4,4% |
| Ureum (46) | 6 635 | 6 005 | -9,5% |
| MAP | 7 839 | 8 244 | +5,2% |
| Kaliumchloried | 6 578 | 7 016 | +6,7% |

Uit Tabel 5 wil dit blyk dat plaaslike kunsmisprysveranderinge goed vergelyk met internasionale prysveranderinge. Wat KAN betref lyk dit of die plaaslike mark baie bevoordeel is, terwyl dit met MAP lyk of die plaaslike mark heelwat benadeel is.

Terug na bo

## Landboutoestande vir wintergewasse soos op 17 Oktober 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» **WINTERSAAIGEBIEDE**

Koring in die Wes-Kaap lyk oor die algemeen baie goed en goeie opbrengste word verwag. Goeie reën het die laaste paar dae voorgekom wat die stroopproses egter vertraag.

Swartland

Toestande in die Swartland lyk baie goed en bogemiddelde oeste word verwag. Die seisoen is later as normaalweg en produsente behoort einde Oktober/begin November te begin stroop.

Suid-Kaap, Rûens-gebied

Die landboutoestande in die **Overberg Agri-bedieningsgebied** was die afgelope seisoen gunstig vir wintergewasverbouing omrede tydige en goeie reën voorgekom het. Die stroopproses is vertraag weens reën wat die afgelope paar dae voorgekom het en verdere reën word vir die res van die week sowel as vir volgende week voorspel. Produsente behoort hopelik einde volgende week te kan begin stroop. Bogemiddelde opbrengste word verwag.

In die **SSK-gebiede** (Swellendam, Riversdal, Heidelberg en Mosselbaai) lyk die gewasse baie goed. Produsente is in die proses om hul gars te sny en behoort oor 'n week hul koring te dors. Goeie reën het die laaste paar dae voorgekom en die effek daarvan op die kwaliteit van die gars wat al gesny is, is onbekend. Bogemiddelde opbrengste word vir die gewasse verwag.

**SOMERSAAIGEBIEDE**

Wintergewasse in die somersaaigebied lyk oor die algemeen goed. Die koring is nog relatief jonk en goeie opvolgreën bly noodsaaklik.

Vrystaat

Produsente in die **sentrale gedeeltes** van die Vrystaat meld dat hulle koring baie goed lyk. Gemiddelde opbrengste word verwag mits opvolgreën vir die res van die seisoen voorkom.

Die koringoes in die **Oos-Vrystaat** lyk tans belowend. Die koring is nog jonk, maar met goeie opvolgreën gedurende Oktober en middel-November kan gemiddelde tot bo-gemiddelde opbrengste verwag word.

Terug na bo

## Basisverhandeling van silosertifikate binnekort 'n werklikheid

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Die basisverhandeling van silosertifikate kan vanaf Maandag, 15 Oktober 2012, gedoen word.

Produsente wat voorraad hou, kan hul silosertifikate nou te koop aanbied by 'n leweringspunt van hul keuse. Kopers kan ook pryse vir die produsent se voorraad aanbied. Premies word by spesifieke leweringspunte deur kopers aangebied of deur produsente by spesifieke leweringspunte gevra. Dit is egter nie moontlik om 'n afslag by 'n spesifieke leweringspunt aan te bied nie.

Sedert Graan SA se inisiatiewe rakende die NLBR-ondersoek en die Robertsverslag, tot die doeltreffende funksionering van die termynmark gelei het en laasgenoemde verslag aangedui het dat markdeursigtigheid verbeter moet word, het die JSE aan 'n oplossing begin werk om markdeursigtigheid vir kontantmarkpryse op hierdie wyse te verbeter. Graan SA verwelkom die inwerkingstelling van hierdie jongste ontwikkeling en spreek dank teenoor elke instansie uit wat 'n positiewe bydrae gelewer het om die projek 'n sukses te maak.

Produsente word aangemoedig om hieraan deel te neem. Die deursigtige inligting oor premies wat by leweringpunte aangebied word, behoort die gewig wat die liggingsdifferensiaal dra in die bepaling van die kontantmarkprys, grotendeels te verklein.

Voortaan behoort die volgende faktore 'n groter rol in prysvorming by die spesifieke leweringspunt te begin speel. Dié faktore sluit in die vraag en aanbod by die spesifieke leweringspunt, vervoerkoste per pad of spoor tussen die leweringspunt en die gebruikspunt, hantering- en opbergingskoste asook die kwaliteit van graan (byvoorbeeld koring) wat by die spesifieke leweringspunt van toepassing is.

Terug na bo

## Wenke vir die aankoop en gebruik van insette

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Produsente moet eerstens let op die koop van grondverbeteraars, blaarvoedings, organiese middels ensovoorts. Die werking van baie van hierdie middels word nie bevraagteken nie, maar produsente moet daarop attent wees dat baie van hierdie middels nie behoorlik getoets of onder Wet 36 van 1947 geregistreer is nie.

Wanneer oorweeg word om so 'n middel te gebruik, moet die volgende in ag geneem word:

- Maak seker dit is geregistreer onder Wet 36 van 1947.
- Dring aan op langtermyn statistiese en verkieslik onafhanklike, proefresultate.
- Moet nooit so 'n middel dadelik op groot skaal gebruik nie; maak eerder gebruik van kleinskaalse strookproewe wat

statisties geëvalueer kan word om die middel se prestasie te meet.
- Bepaal of dit koste-effektief is om die middel te gebruik.

Graan SA is van mening dat al hierdie tipe middels eers deur 'n erkende plaaslike onafhanklike instansie statisties getoets moet word vir volhoubare produksieverbetering vir 'n ekonomiese voordeel alvorens dit geregistreer en bemark kan word.

Hier word vervolgens algemene wenke verskaf ten opsigte van insette.

Die gebruik van ongetoetsde insette en die koop van insette by onbekende verspreiders stel produsente jaarliks aan risiko bloot. Let op die volgende wenke wanneer insette aangekoop en gebruik word:

- Maak seker dat die insetverskaffer 'n erkende maatskappye is met 'n bewese rekord.
- Sorg dat sover moontlik alle aanbevelings op skrif gestel word en veilig bewaar word.
- Probeer sover moontlik rekord hou.
- Gaan die kwaliteit van die inset na, byvoorbeeld by saad kan die ontkieming van die spesifieke saadlot aangevra word.
- Saadbehandeling moet deur die saadmaatskappy self of met gesertifiseerde saadbehandelingstoerusting gedoen word.

Wanneer landbou-chemikalieë aangekoop word:

- Maak seker die middel is geregistreer vir die doel van gebruik.
- Maak seker dat die maatskappy wie se middel dit is, lid van AVCASA is.
- Maak seker dat die verspreidingsmaatskappy lid van ACDASA is en dat die agent gekwalifiseerd is.
- Raadpleeg die 2012 MIG-publikasie van die LNR-Instituut vir Graangewasse.

Maak oor die algemeen van klein kontrolepersele gebruik om nuwe insetmiddele te toets alvorens dit op groot skaal gebruik word.

Wat Rhizobium bakterieë aanbetref, is dit belangrik dat slegs geregistreerde middels gebruik moet word. Die spesifieke produk moet ook verkieslik deur die betrokke saadmaatskappy wie se saad geplant word, aanbeveel word. Moenie nuwe produkte op groot skaal gebruik nie.

Terug na bo

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
+27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166

www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: rialeen@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA